# <u>Kan iemand 'n Kind van die Here wees en ook glo in die Evolusie??</u>




Om hierdie vraag te beantwoord moet ons verstaan wat die Bybel leer oor die natuur en die konneksie tussen Jesus die Skepper en die Woord van God.

Wanneer ons hierna kyk is dit baie belangrik om Johannes 1 en Kol 1:15-18 te lees.

- Wanneer ons Jesus beter wil leer ken moet ons Sy Woord lees. Soms verstaan ons nie alles in die Woord nie, maar dit beteken nie dat ons moet ophou lees nie. As jy werklik 'n kind van die Here is, sal Sy Gees dit in jou werk om meer te wete te kom oor die Een wat vir jou sondes aan die kruis gesterf het.

**Meaning of "It is finished" as** *Tetelestai*

"It is finished" is the English translation of the Greek word *Tetelestai*, which was the last thing Jesus' said before dying on **the cross**. *Tetelestai* comes from the verb *teleo*, which means "to bring to an end, to complete, to accomplish." It's a crucial word because it signifies the successful end to a particular course of action. It's the word you would use when you climb to the peak of Mt. Everest; it's the word you would use when you turn in the final copy of your dissertation; it's the word you would use when you make the final payment on your new car; it's the word you use when you cross the finish line of your first 10K run. The word means more than just "I survived." It means "I did exactly what I set out to do.

Kom ons lees Joh 15:23-24
Ons kan nie die Skepping los skeur van Wie God is nie. Reg deur die Bybel sien ons hoe die Bybelskrywers teruggaan na die Skepping om te verwys na God.
Hoekom dink jy het die vyand sy aandag toegespits om deur die evolusie leer God uit Sy skepping te probeer uitskrywe?

- As ware kind van die Here, sal my verhouding met Jesus groei. Soos ek liewer raak vir Hom deur die Blaaie van die Skrif, sal my verhouding met Hom verdiep.
  Soos die Woord in ons vastrap plek kry, sal ons hande in die wêreld se greep, al hoe losser raak.
  Om te sê ek is 'n Christen en dit te leef is twee verskillende stories.


## “If you talk the talk, you must walk the walk”



**Exodus 20:11** ____________________________________
**Nehemia 9:6**______________________________________
**Psalm 102:25**_____________________________________
**Handelinge 4:24** _________________________________
**Handelinge 14:15**_________________________________
**Openbaring 10:6**__________________________________

Die Bybel is so duidelik dat die Here in 6 dae die hele aarde met alles daarin en om geskape het.
God kon die aarde in een sekonde geskape het, maar in Sy Goddelike alwysheid, skep Hy in 6 dae. Op elke plek in die Bybel waar daar gepraat word van dag en nag is dit in dieselfde Hebreeuse woorde geskrywe, wat beteke “DAG” en “NAG”.

Nog ‘n baie goeie bewys is die Stambome.
Stambome kan vir ons so nutteloos lyk, maar die Here leer ons nie verniet dat
“**Die HELE Skrif is deur God ingegee….”** is nie. 2 Tim 3:16,17



Om hierdie fundementele waarhede te beveg – veroorsaak dat baie hulle geestelike oorloë wil veg met gebroke swaarde.
Ons keuses en besluite in die lewe word gemaak, op grond van wat ons glo en weet die waarheid is. Ons kan nie effektief in die stryd toetree as ons gedagtes verdeeld is met sirkulêre gedagtes en idees nie.

As God se waarheid nie reeds vir jou as kind van God begin op die eerste bladsy van die Bybel nie, waar begin dit dan?
Hoe gaan die Bybel ooit ons lewens veranderend beinvloed as ons net heeltyd kies wat ons wil gebruik en wat nie.
Dit is hoekom mense Vandag getuig hulle is gered maar:
Hulle is Homeskesuele
Leef in Sonde saam
Lieg en bedrieg mekaar
Is Ongehoorsaam aan Autoriteit (Ouers, onderwysers, gesags posisies)
Geen respek vir hule eie liggame nie.

Ons kan so baie probleme opnoem wat uitvloei agv bg probleem.
Hoekom sou ons as mens eerder die leuen glo en aanhang, alhoewel dit niks aan die waarheid verander nie.
God se Woord bly Waar.
Hy Bly God.

Daar is ‘n komende oordeel oppad.
Is ons gereed?

Wat Glo ons dus?

- God is die Almagtige Skepper wat alles in ‘n Woord geskep het. Ps 33:9, Heb 11.
- God het alles geskape en dit was GOED. Gen 1
  Sonder enige sonde, dood, korrupsie en siektes. Sonde was en is die mens se keuse
- God het nie ‘n stadige en miljoene jare proses gebruik, om mens en dier te ilimineer nie (Survival of the fittest)
- Die fossiel rekord wys vir ons dat God se toorn oor die aarde gekom het met die sondeval.
- Daar was nie iets soos Rassisme nie, want God het al die nasies geskape uit een bloed.

Ons weet Evolusie sal niemand ooit red nie. Dit mislei en verlei mense net weg van God af. Moenie dink die vyand sit net agteroor en is tevrede dat ons die Here dien nie. Hy sal self kinders van die Here soms mislei in leuens. Daarom kan ‘n persoon gered wees, maar hy sal baie swaar kry in sy geestelike groei en as hy die Woord werklik liefhet en bestudeer sal die Here hom deur Sy Gees ook wys op die leuen.
Ongelukkig is mense lui om werklik die Woord hul eie te maak. Die wêreld bied so baie, veral as ons nog jonk is…….
Maar herinner jouself aan Daniël en sy drie vriende. Hulle was asteware nog tieners en het bankvas gestaan in die Een aan wie hulle behoort het.

**Dit is so belangrik…..al as jy jonk, dat jy sal seker maak jy is werklik ‘n kind van die Here.**

**‘n Naam Christen gaan jou nie red nie!!!**

**Daar wag ‘n ewigheid en wie weet vandag wanneer daardie tyd vir my en jou sal aanbreek?**